LAERSKOOL PRESIDENT STEYN

Tel: 011 902 4904

H/v Brink & Braunweg, Vwp
27 Januarie 2017

Geagte Ouers/voogde

GR 7 OPVOEDKUNDIGE TOER GEDURENDE 4 – 8 SEPTEMBER 2017

U kind word hierdie jaar die geleentheid gebied om d.m.v. die skool in samewerking met Outdoor Education Africa, bg. toer (gedurende skooltyd) na Natal mee te maak.

Hierdie is 'n geleentheid wat u kind met albei hande moet aangryp. U kind kry nie net geleentheid om saam met sy/haar maats gesellig te kuier, swem en speel nie, maar ook d.m.v. lesings die pragtige natuur te ervaar en bewonder. Die hele Gr 7-groep vertrek op **4 September 2017** en keer terug op **8 September 2017** met luukse busse.

- Die maatskappy waarvan ons gebruik maak nl. Mega busdiens is lid van die busoperateursvereniging van Suider Afrika en word twee weekliks aan 'n A-skedule diens onderwerp.
- Bg. maatskappy beskik ook oor 'n 24 uur bystanddiens in gevalle van brekasie wat voorwaar baie gerusstellend is.
- Die busbestuurders is deeglik gekwalifiseerd en verantwoordelik met jare ondervinding agter die blad.

Die toergroep sal voortdurend onder behoorlike toesig wees.

Aangeheg vind u 'n afskrif van die plekke wat besoek sal word.

- Die volledige toerkoste behels **R3150-00.**
- Glo my dat hierdie toer nog steeds elke sent dubbel en dwars die moeite werd is en die hoogtepunt vorm van elke Gr 7-leerling se laerskoolloopbaan.
  Weens die feit dat daar lank voor die toer verskeie deposito's oorbetaal moet word aan verskeie instansies, sal van die leerlinge verwag word om 'n **R800-00 deposito** voor die einde van **Maart 2017** te deponeer. U moet ook teen einde **Junie 2017** reeds R 2000-00 inbetaal het, waarna die balans voor die einde van **Augustus 2017** betaalbaar is. Indien u kind sou besluit om te onttrek, is bg. bedrag van R800-00 egter **nie** terugbetaalbaar nie.
- Vir elke 60 leerders wat bevestig bespreek ons 'n bus, m.a.w. as ons nie by 120 leerders uitkom nie, sal die eerste 60 leerders wat betaal het voorkeur geniet.

U moet asseblief so spoedig moontlik die afskeurstrokie agterop voltooi om die wyse van betaling aan te dui, sodat die toerreëlings gefinaliseer kan word.

REKENING BESONDERHEDE : LAERSKOOL PRESIDENT STEYN
NB!!! GRAAD 7 OPVOEDKUNDIGE TOER
Naam en Van van Kind **Klas 7.** ___
ABSA TJEKREKENING
REKENING NO: 210 650 008 TAKKODE: 632 005

Bg. koste sluit alle etes, verblyf, vervoer en toegang tot besienswaardighede in. Tjeks word uitgemaak aan **Laerskool President Steyn** en word by **finansieskantoor** inbetaal. Toergelde moet ons asb. nie later as 31 Augustus 2017 bereik nie.

Indien u enigsins 'n probleem voorsien van enige aard, tree asb. so gou as moontlik in verbinding met mnr Jankowitz by die skool. (Tel 011 902-4904). Die leerlinge sal kort voor die toer 'n volledige skrywe ontvang met verdere besonderhede. Hierdie is 'n toer wat u kind nooit sal vergeet nie.

Byvoorbaat dankie

MNR PJ LE ROUX
SKOOLHOOF

MNR L JANKOWITZ
TOERORGANISEERDER

2017 GR 7 TOER - NATAL

Ek _____kontaknommer_____ die ouer/voog van _____in Gr _____ gee hiermee toestemming dat my kind die toer mag meemaak. Ek neem kennis van die R800-00 deposito wat voor einde Maart 2017 betaal moet word, dat die bedrag van R 2000-00 voor einde Junie 2017 betaal word en dat die hele bedrag van R3150-00 teen einde Augustus 2017 betaal moet wees om my kind se plek te verseker.

Ek is van voorneme om die volgende betaalmetode te gebruik:

☐ Ek gaan 'n eenmalige betaling van R 3150-00 maak voor einde Maart 2017.

☐ Ek gaan 'n Deposito betaal van R800-00 voor einde Maart 2017, 'n paaiement van R 1200-00 voor einde Junie 2017 en 'n paaiement van R 1150-00 voor einde Augustus 2017.

☐ Ek gaan 'n deposito van R 800-00 betaal voor einde Maart 2017, 'n paaiement van R 500-00 vir April, Mei, Junie en Julie 2017 en 'n finale paaiement van R 350-00 voor einde Augustus 2017.

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG : _____

DATUM : _____